



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2021**

**LIMPOPO**

**PUNTE: 40**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:  
  
AFDELING A: Kortverhale (40)  
**OF**  
AFDELING B: Drama (40)
3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:  
  
AFDELING A: KORTVERHALE  
Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.  
  
**OF**  
  
AFDELING B: DRAMA  
Beantwoord die vrae oor die drama (*Perdekrag*) wat jy bestudeer het.
4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Voorgestelde tydsindeling:  
  
AFDELING A: 90 minute  
  
**OF**  
  
AFDELING B: 90 minute
8. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.

<b>AFDELING A: KORTVERHALE</b>		
<b>Beantwoord Verhaal A EN Verhaal B.</b>		
<b>VRAAGNOMMER</b>	<b>PUNTE</b>	<b>BLADSYNOMMER</b>
1. <b>Verhaal A</b>	20	4
"Oupa Job kom terug"		
<b>EN</b>		
<b>Verhaal B</b>	20	6
"Koning Leeu se geskenke"		
<b>OF</b>		
<b>AFDELING B: DRAMA</b>		
<b>Beantwoord slegs EEN vraag.</b>		
2. <i>Perdekrag</i>	40	8

**Beantwoord SLEGS die vraag oor die kortverhale/drama wat jy bestudeer het, dit wil sê VRAAG 1 OF VRAAG 2.**

**VRAAG 1: BLADSAK – Lucas Malan**

VERHAAL A: "OUPA JOB KOM TERUG" – Cecilia Kruger (20)

EN

VERHAAL B: "KONING LEEU SE GESKENKE" – Pieter W Grobbelaar (20)

**VERHAAL A: "OUPA JOB KOM TERUG" – Cecilia Kruger**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Simon neem sy sitplek in die bus in en maak net weer seker dat die medaljes nog veilig in sy binnesak lê. Die bus vleg deur die druk stadsverkeer. Oral op die sypaadjies verkoop mense hulle produkte en goedere – 'n mengelmoes van verskillende kleure en kulture. Oral heers 'n vrolike atmosfeer.

'n Halfuur later draai die bus by twee groot, wit hekke in. Die gids, Adam Dube, 5 ontmoet hulle by die hek. "Welkom by die Krygsgeskiedenis Museum. Dit is die enigste museum in die land waar julle iets kan leer van al die oorloë wat in hierdie land geveg is, of waarby ons soldate betrokke was."

Simon dink aan sy oupa en weet dis hier waar hy oor sy oupa se medaljes navraag moet doen. 10

Die gids neem hulle op 'n toer deur die museum. Simon se oë is groot ...

- 1.1 Watter juffrou (haar naam/van) by Simon se skool het die uitstappie na die museums gereël? (1)
- 1.2 Simon het nie die besoek aan die eerste museum geniet nie.  
Gee 'n rede uit die kortverhaal waarom die stelling ONWAAR is. (1)
- 1.3 "dis hier waar hy oor sy oupa se medaljes navraag moet doen." (Reëls 9–10)
- 1.3.1 Wie het vir Simon die medaljes gegee? (1)
- 1.3.2 Wat het Simon saam met die medaljes in sy binnesak gehad? (1)
- 1.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.4) neer.  
"Simon se oë is groot ..." (Reël 11). Hierdie reaksie van Simon sê vir ons dat hy ... was.
- A bang  
B kwaad  
C haastig  
D verbaas (1)
- 1.5 Wie het vir Simon die storie van sy oupa se heldedaad vertel? (1)

1.6 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Oupa Job het die skip laat ontplof.
- Die Duitsers het oupa Job op 'n skip aangehou.
- Oupa Job het medaljes vir sy heldedaad ontvang.
- Die Duitsers het oupa Job gedurende die groot oorlog gevang. (4)

1.7 " ... en maak net weer seker dat die medaljes nog veilig in sy binnesak lê." (Reël 1 en 2)

Noem TWEE dinge wat hierdie optrede vir ons van Simon sê. (2)

1.8 1.8.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die les wat jy uit Simon se besoek aan die museums leer is dat museums plekke is (waar verskillende nasies se geskiedenis bymekaarkom/slegs een land se geskiedenis uitgebeeld word). (1)

1.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.8.1. (1)

1.9 Hierdie verhaal vertel die storie van 'n seun wat trots kon wees op 'n oupa wat hy nooit geken het nie.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.9.1 tot 1.9.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.9.1	Simon se juffrou het 'n uitstappie na twee museums gereël.	A	Simon het gesien dat museums spesiaal is, veral omdat sy oupa se medaljes daar uitgestal is.
1.9.2	Simon het sy oupa se medaljes vir die mense by die museum gewys.	B	Oupa Job se medaljes is in 'n nuwe kas in die museum uitgestal.
1.9.3	Oupa Job se medaljes is aan die museum geskenk.	C	Die museum het baie geld vir oupa Job se medaljes betaal.
1.9.4	Simon en sy ouers het die museum besoek.	D	Simon het oupa Job se medaljes gekry om saam te neem museum toe.
		E	Simon het gehoor dat sy oupa 'n oorlogsheld was.

(4 x 1) (4)

1.10 Gee TWEE redes waarom ons kan sê dat ons Simon in hierdie verhaal die beste leer ken. (2)

**EN**

**VERHAAL B: "KONING LEEU SE GESKENKE" – Pieter W Grobbelaar**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

... Maar Leeu klap hom deur sy ete en drinke dat sy een horingpunt waai en sy oë skrefies swel. Dis dié dat Renoster vandag nog so sleg sien en 'n onpaar horings het.

Leeu stap na die volgende hoop. "Hier is mooi ore!" sê hy.

Nee, die diere is net soos kinders: hulle het nie ore nie, en hulle wil ook nie hê nie. Maar Leeu hou al klaar twee paar reg, en wat hy opgetel het, sit hy nie weer neer nie, want hy is die koning. "Vat dan so!" sê hy, en hy las dit sommer vir die eerste twee diere aan wat hy bykom. Dis Esel en Hasie. En hulle moet maar dankie sê.

"Dié wat mooi klere wil hê!" sê Leeu.

Nou is dit 'n konsternasie. Leeu moet net kophou, want die diere is ook maar spoggerig. Elkeen wil mooier as sy buurman lyk.

Luiperd kry 'n kolletjiespak. Vir Sebra trek hy 'n streepjas aan.

- 1.11 Wat het die diere by Koning Leeu se partytjie geëet? (1)
- 1.12 Waarom wou Leeu vir die diere geskenke gee? (1)
- 1.13 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.
- Leeu het vir Renoster gesê hy sal sy horings op sy neus dra, omdat Renoster 'n paar mooi, wit horings wou hê. (1)
- 1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.14) neer.
- "Nee, die diere is net soos kinders: **hulle het nie ore nie**, en hulle wil ook nie hê nie." (Reël 4) Hierdie woorde beteken dat ...
- A party diere nie kon hoor nie.  
 B die diere nie geluister het nie.  
 C die diere hulle ore toegedruk het.  
 D daar diere was wat geen ore gehad het nie. (1)
- 1.15 Leeu het nie dieselfde teenoor al die diere opgetree nie.
- 1.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Leeu het (kwaai/sag) teenoor Koei opgetree. (1)
- 1.15.2 Hoekom sê jy so? (1)

1.16 Leeu het al die diere vir 'n partytjie uitgenooi.

Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.16.1 tot 1.16.4) en die ontbrekende woorde neer.

1.16.1 Toe Koning Leeu die diere uitnooi vir die partytjie, het 'n hele klomp ... besluit om nie te gaan nie (1)

1.16.2 Kameelperd het op Koning Leeu gekree; daarom het Kameelperd sy ... verloor. (1)

1.16.3 Olifant was gulsig en daarom sou sy ... in sy mond bly vassit. (1)

1.16.4 Toe ... by die uitdeelplek kom, was daar geen dier of geskenk meer oor nie. (1)

1.17 Waarteen waarsku Renoster se slegte gedrag jou?

Gee TWEE waarskuwings. (2)

1.18 Padda het die partytjie verlaat en stilletjies gaan swem.

1.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.  
'n Mens voel (tevrede met/jammer vir) Padda. (1)

1.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.18.1. (1)

1.19 Die diere moes leer dat daar gevolge vir hulle optredes was.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.19.1 tot 1.19.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.19.1	Koedoe was bang hy kom in die moeilikheid.	A	Hy het uiteindelik niks gehad nie.
1.19.2	Koning Leeu het van Perd se spoggerigheid gehou.	B	Die diere het hulle neuse toegedruk.
1.19.3	Koggelmander het Koning Leeu skrikgemaak.	C	Hy sou alleen partytjie toe stap.
1.19.4	Dassie was ontevrede met sy geskenk.	D	Hy het 'n potblou kop gekry.
		E	Hy het meer as een pak klere uitgedeel.

(4 x 1) (4)

1.20 1.20.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die titel van hierdie verhaal pas die beste (by die begin van/by die einde van/regdeur) die verhaal. (1)

1.20.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.20.1. (1)

**[40]**

**VRAAG 2****PERDEKRAG – Cecilia du Toit**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS C**

LUCKY:	Nee, maar ek kan mos leer. Dis mos 'n perdeskool dié. Of mag net die ryk rotte die goed ry?	
WILMA:	Jy gaan beslis nie op 'n perd se rug klim met so 'n houding nie.	
LUCKY:	Nes ek gedink het. Net ryk boude vir hierdie hobby horses van jou. Armes soos ek moet maar loop. Of shit stir.	5
WILMA:	Dit het niks te doen met arm of ryk nie. Jy's hier om te werk.	
LUCKY:	<i>(Kwaad.)</i> Nee, ek's hier, want ryk rotte gee meer om vir diere as vir arm mense.	
WILMA:	Ag, stop dit nou. Jou storietjie raak nou afgesaag. <i>(Sy hou die leiband na Binki uit.)</i> Kom, vat Lady Jane na die kampie toe. Die De Beers wag. <i>(Binki kom versigtig nader en hou Lady Jane se leiband ver van haar af weg. Lady Jane volg gewillig, maar dit maak Binki steeds bang.)</i>	10
LUCKY:	<i>(Aanmoedigend.)</i> Mooi, Binki. Jy doen goed. <i>(Lag uitbundig.)</i> Sy lyk asof sy gaan flou val! Bangbroek-bybie!	

- 2.1 Wat was Wilma se posisie by die perdeskool? (1)
- 2.2 Lucky moes as straf by die perdeskool werk.
- 2.2.1 Wie was Lucky se prokureur? (1)
- 2.2.2 Hoe lank moes Lucky by die perdeskool werk? (1)
- 2.3 Een van Lucky se werkies was om die stalle uit te hark. Noem nog EEN ander werk wat Wilma vir hom gegee het. (1)
- 2.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.4) neer.
- Wilma het vir Lucky gesê dat hy nie op 'n perd gaan ry met so 'n houding nie. (Reël 3) Dit wys dat Wilma ... teenoor Lucky opgetree het.
- A streng
- B simpatiek
- C vriendelik
- D emosioneel (1)
- 2.5 Die De Beers was ryk mense.
- Gee 'n rede waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)



2.6 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Lucky het die hooivurk gevat en begin werk.
- Wilma het vir Lucky gesê om die stalle uit te hark.
- Wilma wou hê Lucky moes die perdeskool verlaat.
- Lucky het vir Wilma gesê hy is nie daar om die vuil werk te doen nie. (4)

2.7 Lees weer reëls 1 tot 8 wat Lucky oor ryk mense sê.

Wat kan jy aflei omtrent Lucky se houding teenoor ryk mense? Noem TWEE dinge. (2)

2.8 Lucky het nie geweet wat alles by die perdeskool gebeur nie.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.8.1 tot 2.8.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.8.1	Lucky was onbeskof.	A	Lucky het besef dat daar ander kinders is wat ook swaarkry.
2.8.2	Lucky het aspris stadig gewerk.	B	Wilma moes Lucky waarsku om nie vir Binki te boelie nie.
2.8.3	Lucky het 'n rolstoel onder die boom gesien.	C	Lucky wou die leiband om Tinkerbelle se kop sit.
2.8.4	Binki het gesê dat sy by Wilma bly omdat Sabrina haar nie kon versorg nie.	D	Lucky het besef dat hy sy ma se tyd en liefde moes waardeer.
		E	Wilma het gesê dat Lucky nie kos gaan kry voor al die vuil strooi op die hoop is nie.

(4 x 1) (4)

2.9 "Sy lyk asof sy gaan flou val! Bangbroek-bybie!" (Reël 14)

2.9.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Hierdie optrede van Lucky laat 'n mens (kwaad/opgewonde) voel. (1)

2.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.9.1. (1)

2.10 2.10.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

'n Les wat 'n mens uit hierdie drama kan leer, is dat dit (verkeerd is om te stereotipeer/goed is om van perde te hou). (1)

2.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.10.1. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS D

WILMA:	Nee, dis nie waar nie. Hoor jy dan nie? Ek veroordeel jou nie.	
LUCKY:	You could have fooled me.	
WILMA:	Regtig. Wat jy gedoen het, is verskriklik, maar wat ek gedoen het, was nie veel beter nie. En ek was veronderstel om van beter te weet. Ek is mos volwasse, of hoe?	5
LUCKY:	Wat? Was jy dan ook wreed teenoor diere?	
WILMA:	Nee, ek was nie wreed nie. Of ten minste nie doelbewus soos – ( <i>Sy aarsel.</i> )	
LUCKY:	Soos ek. Toe, sê dit.	
WILMA:	Goed, nie wreed soos jy nie. Maar die skade was net so groot – nee, eintlik baie groter as joune, want ek was 'n grootmens. Maar los dit, dis lank gelede.	10
LUCKY:	Vertel. Toe, Antie, vertel. Dit sal my mos help.	
WILMA:	( <i>Sug.</i> ) Nou goed. Ek was – toe ek jonger was – 'n bietjie, hm, wild. ( <i>Sy wag terwyl Lucky uitbundig lag, maar gaan dan voort.</i> ) Ek was een aand by 'n partytjie.	15

2.11 Wilma het vir Lucky vertel dat sy ook iets verkeers gedoen het.

Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (2.11.1 tot 2.11.4) en die ontbrekende woorde neer.

- 2.11.1 Terwyl Wilma by die bure se partytjie was, het sy te veel ... . (1)
- 2.11.2 Na die partytjie het sy met haar perd, met die naam ... teruggejaag huis toe. (1)
- 2.11.3 Die perd het in 'n gat getrap en sy ... gebreek. (1)
- 2.11.4 Nadat Wilma vir Lucky van hierdie insident vertel het, was hy ... dat hy so onbeskof met haar was. (1)
- 2.12 Lucky het erken dat hy wreed teenoor diere was. Wat het hy gedoen wat wreed was? (1)
- 2.13 Hoekom was Lucky so wreed teenoor daardie diere? (1)
- 2.14 2.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.  
Met die werk wat Wilma by die perdeskool gedoen het, het sy probeer om dit wat sy verkeerd gedoen het, (te vergeet/reg te maak). (1)
- 2.14.2 Hoekom sê jy so? (1)

- 2.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.15) neer.

"Ek was – toe ek jonger was – 'n bietjie, hm, **wild.**" (Reël 14)

Hiermee wou Wilma vir Lucky sê dat sy as jongmens ...

- A kwaai was.  
B goed kon perdry.  
C onverantwoordelik was.  
D graag op wilde perde gery het. (1)

- 2.16 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Lucky kon Wilma nie op haar naam noem nie, want hy was bang vir haar. (1)

- 2.17 Lucky moes leer om sy houding teenoor baie dinge te verander.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.17.1 tot 2.17.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.17.1	Lucky wou nie saamwerk op die plaas nie.	A	Lucky het besef dat 'n mens uit jou foute kan leer.
2.17.2	Binki het vir Lucky vertel dat sy probeer het om haar hondjie uit die brand te red.	B	Lucky het besef dat alle mense seerkry.
2.17.3	Lucky het Binki se letsels gesien.	C	Lucky het geleer om stalle skoon te maak.
2.17.4	Wilma het vir Lucky van haar verlede vertel.	D	Wilma het gebel sodat Lucky kon teruggaan stad toe.
		E	Lucky het besef dat diere met liefde en respek behandel moet word.

(4 x 1) (4)

- 2.18 2.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die titel van die drama pas die beste (by die begin van/by die einde van/regdeur) die drama. (1)

- 2.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.18.1. (1)

- 2.19 Gee TWEE maniere waarop 'n mens Lucky in hierdie drama goed leer ken. (2)

- 2.20 Binki se optrede aan die einde van die drama motiveer die leser om probleme op te los. Gee TWEE redes waarom ons so kan sê. (2)

[40]

**TOTAAL: 40**